19-11-70

133/70

G.P.-S.33967—1968-69—1,000.

~~J. 219.~~

# In the Supreme Court of South Africa.
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

( Appèl Provincial Division.)
( Provinsiale Afdeling.)

# Appeal in Civil Case.
# Appèl in Siviele Saak.

RONDALIA VERSEKERINGSKORPORASIE VAN S.A. BPK. *Appellant,*

*versus*

MAUREEN JOYCE LIRA *Respondent*

*Appellant's Attorney / Prokureur vir Appellant* Kriek & Cloete *Respondent's Attorney / Prokureur vir Respondent* McIntyre & v.d. Post

*Appellant's Advocate / Advokaat vir Appellant* N. [illegible] *Respondent's Advocate / Advokaat vir Respondent* [illegible]

*Set down for hearing on / Op die rol geplaas vir verhoor op* 12 - 3 - 1971

2.4.6.7.9

[illegible]

APPELLANT 9.45 VM - 11.00 VM
11.15 VM - 12.45 NM
2.15 NM - [illegible] NM

(W.P.A.- RESPONDENT [illegible] NM - [illegible] NM
APPELLANT [illegible] NM - [illegible] NM [illegible]

[illegible]

Van Blerk, A.R.: Appèl van die hand gewys met koste.

~~GRIFFIER.~~
29.3.1971

| | Bills Taxed.—Kosterekenings Getakseer. | | |
|---|---|---|---|
| | Date. Datum. | Amount. Bedrag. | Initials. Paraaf. |
| Writ issued / Lasbrief uitgereik | | | |
| Date and initials / Datum en paraaf | | | |

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

RONDALIA VERSEKERINGSKORPORASIE VAN

SUID-AFRIKA BEPERK ..........................Appellant

en

MAUREEN JOYCE LIRA ..........................Respondent

Coram: VAN BLERK, HOLMES, JANSEN A.RR., DIEMONT et

MILLER Wnd.A.R.

Verhoor: 12 Maart 1971 Gelewer: 29 Maart 1971

---

U I T S P R A A K.

VAN BLERK A.R.:

Dit is 'n appèl teen 'n uitspraak van die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling (Ludorf, R.) waarby aan die respondente (eiseres) die bedrag van R1650 - dit is 'n ooreengekome bedrag - as skadevergoeding toegeken is ten opsigte van skade wat sy gely het as gevolg van beserings wat sy in 'n motorbotsing opgedoen het. Sy het omstreeks aguur nm. op 17 Augustus 1968, toe dit al donker was, van wes na oos in

Portlandweg,......./2

Portlandweg, Johannesburg, met haar Anglia motor gery om in Grangestraat regs in te draai waar laasgenoemde straat aan die suidekant van Portlandweg vertak met n reghoekige T-aansluiting. Eiseres se saak is dat toe sy by die T-aansluiting kom, het sy voor sy na die suidelike helfte van Portlandweg oorgaan om by Grangestraat in te draai, stilgehou met die regtervoorwiel op die wit streep - die middellyn van die straat - om te wag dat aankomende motors verbykom. Sy het voor die tyd die flikkerlig aangeskakel om aan te dui dat sy wou draai. Terwyl die Anglia so gestaan het, is dit getref deur n motorkar, n Cortina, wat van voor af in Portlandweg aangekom het. Die Cortina se bestuurder was Van Wyk. Die appellant (verweerder) was die versekeraars van die Cortina en is as sodanig deur eiseres aangespreek vir skadevergoeding. Van Wyk se getuienis is dat die Anglia voor hom ingedraai het. Die geskilpunt op die getuienis is of eiseres se motor, die Anglia, stilgestaan het dan wel of dit voor die Cortina regs ingedraai het.

Die verhoorhof het sy uitspraak gebaseer op n evaluasie van die getuienis gegrond op die geloof-

waardigheid van die getuies.

Onmiddellik na die verhoor het die verhoorregter in ŉ *ex tempore* uitspraak ten gunste van eiseres gegee. Net daarna is ŉ afsonderlike uitspraak (ŉ tussenvonnis genoem) ook *ex tempore*, gegee.

Die doel van die "tussenvonnis" is dat die aanmerkings daarin vervat aan die Wetsgenootskap voorgelê word vir oorweging en om, indien dit nodig geag word, daarop te reageer.

Die insident wat aanleiding gegee het tot die opmerkings is, dat verweerder se prokureur aan die polisiebeampte, wat die toneel van die ongeluk die betrokke aand besoek het, sou gesê het dat hy nie met "die anderkant" - d.w.s. met eiseres se prokureur of advokaat - hoef te praat nie. Beide eiseres en verweerder het getuiedagvaardings vir betekening aan die polisiebeampte laat uitreik, maar slegs die dagvaarding namens verweerder uitgereik, is aan die beampte beteken. Toe eiseres se advokaat en prokureur met die

beampte wat in die hof aanwesig was, wou praat, klaarblyklik om hom as ʼn laaste getuie te roep nadat eiseres en haar twee getuies, Venter en sy eggenote reeds getuig het, wou hy nie die advokaat en prokureur te woord staan nie. Eiseres se advokaat het hierdie voorval aan die hof meegedeel en gesê dat hy onder die omstandighede die eiseres se saak sluit, waarop die polisiebeampte onmiddellik as verweerder se eerste getuie geroep is.

Die verhoorregter het hierdie gebeurtenis as "onrusbarend" beskou. Hy was egter verkeerdelik onder die indruk dat ʼn onderhoud namens eiseres met die getuie slegs met goedkeuring xaxx van verweerder se regsverteenwoordigers verkry kon word. Die reëls ten opsigte van professionele gedrag en etiket van die Witwatersrandse Afdeling van die Vereniging van Advokate vereis nie in so'n geval die goedkeuring van die wederparty nie maar dat voor die onderhoud gevoer word die teen-party van die voorneme om ʼn onderhoud te voer in kennis gestel word.

In sy "tussenvonnis" sê die verhoorregter

dat........../5

dat hy die "ywer" van die verweerder se prokureurs "eienaardig" vind en dat die Regbank van die Transvaal "natuurlik bewus (is) van die ywer van die Johannesburgse prokureurs van (verweerder)." En in die loop van die verhoor het hy die volgende opmerking gemaak: "wat my besorgdheid gee is dat 'n prokureur vir jou (dit is die polisiebeampte) probeer aankeer in die kraal van 'n assuransie maatskappy (dit is verweerder) omdat dalk sal jy nie goed getuienis gee aan die maatskappy se kant nie." Met verwysing na "die doel van verpligte derdepartyversekering ter beskerming van die publiek" - dit is in die "tussenvonnis" - vra hy homself die vraag af, of, wanneer 'n persoon beseer is en hy daarna vergoeding eis, dit "billik (is) dat hy dan te staan kom teen 'n maatskappy of sy regsverteenwoordigers wat elke tegniese hulpmiddel aangryp om sy eis te dwarsboom, veral waar daardie maatskappy in die huidige toedrag van sake 'n Staatsaangestelde liggaam is vir die doel om die Staat se poging om die publiek te beskerm, te bereik."

Dit is op grond van die voorgaande uitlatings,

van die verhoorregter dat namens appellant ook betoog is, dat reeds by die aanvang van die verhoor die verhoorregter getoon het dat hy gekant is teen die verweerder, toe hy tydens eiseres se advokaat se inleidingstoespraak oënskynlik skertsend gevra het of ~~die~~ dit nie 'n geskilpunt gaan wees of verweerder wel dit sal kan bekostig om die ooreengekome vergoedingsbedrag van R1650 te betaal nie, en verder bygevoeg het dat dit vir hom "altyd interessant (is) om te sien in hierdie howe watter maatskappy is redelik en watter veg altyd tot die bitter einde, tot die laaste sent, om dit so te stel."

Dat die regter deurgaans as regspreker 'n onbevange oordeel moet bewaar en vleklose onpartydigheid moet handhaaf, is en was altyd 'n norm wat grondliggend aan die regtersamp is. Nie alleen moet hy immer daarteen waak dat sy gewete wat wagstaan oor sy oordeel nie wyk vir vooroordeel of partydigheid nie, maar hy moet ook die vertroue in die regspraak staande hou deur indrukke van waarskynlike vooroordeel of partydigheid te vermy.

Om dié rede moes die verhoorregter ten spyte van sy oortuiging of geloof dat die verweerder en sy

prokureurs se optrede en gedrag kritiek verdien, hom daarvan weerhou het om sodanige uitlatings te maak wat verdenking skep. 'n Regter is geregtig, en dit kan ook afhangende van omstandighede sy plig wees, om die gedrag van amptenare van die hof te kritiseer maar dan moet dit geregverdig wees en nie onoordeelkundig gedoen word nie. Maar dit is nie wat hier geskied het nie. Namens verweerder is aangevoer dat dit redelik gedink kon word dat die verhoorregter se vermoë om die getuies se geloofwaardigheid of waarnemingsvermoë te evalueer - alhoewel hy nie daarvan bewus was nie - aangetas was deur sy afkeer in wat hy geglo het berispelike gedrag van verweerder en sy prokureurs was.

Volgens Voet V.1.43 is almal wat ex aliqua justa causa in die oë van een of ander van die gedingvoerende partye onder verdenking staan, ombevoegd om in hul saak reg te spreek. Die verdenking moet egter op redelike gronde berus en nie op 'n blote skyn steun nie.

Dit blyk uit die genotuleerde getuienis dat die verhoorregter op grond van voorheen verkreë indrukke

waaronder hy steeds verkeer het, daarop ingestel was om, toe die geleentheid hom voordoen, aan die verweerder se prokureurs tuis te bring die afkeer wat hy het in die vurigheid waarmee hul, volgens sy mening, konsekwent elke prosesuele wapen wat die reëls hul bied, aanwend ter bestryding van derdepartye-eise teen die verweerder. Adv. Hefer, wat op versoek van hierdie Hof as amicus curiae opgetree het, en aan wie die Hof dank verskuldig is, betwis nie dat dit inderdaad die geval was nie. Aangesien verweerder in sy betoogspunte belangrike kwessies geopper het rakende die Regbank en die Sy-balie, en die eiseres die dag voor die verhoor van die appèl die Hof meegedeel het dat sy nie kan bekostig om deur 'n advokaat verteenwoordig te word nie is die bystand van 'n amicus curiae verkry. Terselfdertyd het eiseres ook verlof gevra om nie in persoon te verskyn nie.

Dat die verhoorregter klaarblyklik misnoegd was met die wyse waarop die polisiebeampte se getuienis, soos hy gemeen het, weerhou is van eiseres, blyk uit sy ondervraging van die getuie wat drie folios beslaan - die ondervraging het onmiddellik na die eerste twee vrae, wat verweerder se advokaat aan die getuie gestel het, begin.

Die uitlatings van die verhoorregter gedurende die verloop van die verhoor en die openbaring blykens die "tussenvonnis" van voorheen verkreë indrukke, wat as 'n wesentlike waarskynlikheid hom kon beïnvloed het, skep ge-

gegronde rede vir ernstige verdenking deur appellant. Om dié rede kan in hierdie Hof nie op die verhoorregter se evaluasie van die getuienis gesteun word nie, al is sy uitspraak op die meriete 'n voorbeeld van objektiewe benadering en 'n bewys van die vermoë van die opgeleide regsgeleerde en ervare regterlike amptenaar dat by die uitoefening van sy oordeel hy hom kan beperk tot die feite wat voor hom gelê is; en al word ook aanvaar dat die verhoorregter nie bevooroordeeld was nie, soos hier aanvaar moet word omrede daar 'n presumpsie ten gunste van die integriteit van 'n regter is. (Schrassert (Consultatien en Advysen 1.C. 26. n.i.)

Namens appellant is gevra, dat die beslissing tersyde gestel word en dat 'n verhoor voor 'n ander regter gelas word, of andersins dat hierdie Hof die appèl volgens sy eie waardasie van die getuienis beslis. Dit is 'n geval waar laasgenoemde die aangewese weg is om te volg, want al moet hierdie Hof die voordeel van die indrukke wat 'n verhoorregter gegun word, ontbeer, is hierdie 'n geval waar uitsluitsel op die stukke gegee kan word, aangesien die waarskynlikhede, afgesien van die indruk wat die getuies in die getuiebank geskep het 'n voldoende en bevredigende maatstaf

bied om vas te stel watter getuienis aanvaarbaar is.

Op die getuienis lê die geskilpunt soos reeds aangedui, in ŉ nou bestek. As eiseres, soos sy sê, stilgehou het met die regtervoorwiel van haar motor op die wit streep, en terwyl haar motorkar so stilgestaan het Van Wyk met sy voertuig in hare vasgery het, dan moet sy slaag. Die bewyslas is natuurlik op haar om dit te bewys.

Eiseres se twee getuies, Venter en sy vrou, getuig dat hul van oos na wes in Portlandweg gery het. By die eersvolgende stopteken oos van die T-aansluiting waar die botsing plaasgevind het, het hul in die baan naaste aan die kant van Portlandweg se middellyn stilgehou. Die helfte van Portlandweg waarin hul gery het, is by die T-aansluiting - dis ongeveer ŉ halfmyl verder - gemeet as agtien voet wyd. Alhoewel die twee helftes nie elk met ŉ wit lyn afgebaken is nie is Portlandweg beskou as ŉ vierbaanstraat. Die rede waarom Venter daar stilgehou het, is omdat die verkeerslig rooi was. Terwyl hy daar wag, het langs hom aan sy linker-

kant nog 'n motor gestaan. Agter hom het Van Wyk met sy Cortina stilgehou. Toe die lig geel aanslaan vir die dwarsverkeer het Van Wyk volgens Venter vinnig en roekeloos sommer om die regterkant van hom gery, heeltemal aan die verkeerde kant, en die hele pad langs die middellyn af gery. Venter sê Van Wyk het voor die groenlig nog aangeslaan het agter hul uitgeskiet, en voor die karre wat in die oorkantse helfte van die straat staan en wag het, ingeswaai en weer voor hul (die Venters) ingeswaai. Van Wyk het toe volgens Venter "meer op die stippellyn langs af gery, en hy (Venter) het toe die lig groen aanslaan teen 40 na 50 myl per uur aangery; hy wou by die volgende verkeerslig langs Van Wyk gaan stilhou, om gelyktydig met hom weg te trek; maar, soos dit uit sy eie getuienis blyk, was dit nie al rede nie; hy sê hy het vir Van Wyk 'n bietjie kwaad geword en onmiddellik na die botsing het hy na Van Wyk gegaan en aan hom gesê: "Jy is soos 'n bleddie roekelose boef!" Venter sê terwyl hul so met die straat af gery het - dit was

afdraand -............../12

afdraand - het hy die eiseres se motor voor by die aansluiting sien staan, met die regterkantse flikkerlig aan. Dit was terwyl hy so honderd tree agter Van Wyk aan gery het dat die botsing plaasgevind het. Van Wyk het langs die wit lyn af gery en nooit na links uitgeswaai nie; die botsing het ook nie in Van Wyk se kant van die pad plaasgevind nie. Met die berisping van Van Wyk het laasgenoemde eers ontken dat hy by die verkeerslig onverskillig gery het, maar later het hy gesê: "... dit was laat, hy het laat van die werk afgekom en hul is laat vir ꞌn afspraak." Venter se vrou beaam dat haar man ꞌn argument met Van Wyk gehad het net na die botsing. Sy het probeer om haar man weg te sleep, want hy is ꞌn hartlyer en sy wou voorkom dat hy opgewonde raak. Haar man het aan Van Wyk gesê: "Jy ry soos ꞌn mal ding." Van Wyk het dit eers ontken maar het later gesê dat hy ꞌn bestelling gehad het en dat hy haastig was. Sy het ook gesien terwyl hul taamlik vinnig agter Van Wyk aan ry dat ꞌn motor in die middel van die pad staan met sy ligte wat reguit na hul wys en met ꞌn flikkerlig, aan, wat wys "dat hulle draai." Sy het egter nooit die

ligte sien draai nie. Met die oomblik van die botsing het sy gesien die karre spring in die lug op en tol.

Die eiseres kon net vertel dat terwyl sy met die regtervoorwiel op die witstreep sit en wag het vir aankomende verkeer om verby te kom, sodat sy kon indraai in Grangestraat, is haar motor getref. As gevolg van die botsing het sy haar bewussyn verloor en kon niks verder onthou nie.

Van Wyk ontken die relaas van Venter en sy vrou. Die verkeerslig was vir hom groen en sover hy kan onthou het hy net aan gery. Hy ontken ook dat Venter hom berispe het en dat hy sou verduidelik het waarom hy haastig was. Sy spoed was 35 myl per uur en terwyl hy so ry, het hy ewe skielik die ligte van regs gesien skuins oor die pad na sy linkerkant toe - hy het geen flikkerligte gesien nie. Hy het remme getrap sonder sukses en kon niks verder doen nie. Die botsing het aan sy linkerkant na aan die sypaadjie plaas gevind. Hy het in die linkerkant van eiser se voertuig vasgery. As gevolg van n hou wat hy teen die kop gekry het, het hy sy bewussyn verloor en dit nie daar op die toneel

heeltemal herwin nie. Hy is na die hospitaal geneem en laat die aand is hy na die toneel van die botsing. Hy het toe remmerke van sy voertuig daar gesien, dit was tussen die sypaadjie en die middellyn van die straat, aan sy kant van die middellyn, in sy baan van die straat. Hy het geen plek van botsing aan die polisie aangedui nie.

Mev. Gould en haar suster, mej. Van Rensburg, het saam gestap op die suidelike sypaadjie van Portlandweg van oos na wes en was ongeveer 14 tree van die hoek van Grangestraat toe die botsing plaasgevind het. Gould sê toe sy die remme gehoor het, het sy gesien eiseres se motor was besig om te draai, dit was nog nie oor die middellyn nie. Dit was nog in die middel. Sy sê "ons het nie xxx eintlik gekyk na die kar nie, want dit was so skielik, die ongeluk. Toe ons die remme hoor, toe hoor ons die slag." Sy sê egter ook, sy het gekyk - dit was na sy die remme gehoor het - vir die kar wat draai "of hy dit sal maak of nie." Sy het gesien Van Wyk se kar "vang" eiseres se kar op die dwarste. Sy is definitief die eiseres se kar het uit die verkeer uitgekom,

d.w.s. uitgedraai, en die hoek "gesny." Van Wyk se voertuig het sy eers gesien toe ~~die botsing plaasvind.~~ Sy erken haar vasstelling van die punt van botsing is ŉ afleiding wat sy maak van die "omstreke" waar die twee voertuie na die botsing tot stilstand gekom het. Sy het nie gesien wat die bewegings van die voertuie as gevolg van die botsing was nie. Sy weet nie of hul in die rondte getol het of nie, want sy het nie opgelet nie.

Van Rensburg, wat tydens die botsing 14 jaar oud was, sê ook, soos haar suster vertel, dat toe sy die remme hoor toe kyk sy wat daar voor gebeur en toe sien sy die Anglia kom uit die verkeer uit, onmiddellik daarna volg die botsing. Die punt van botsing gee sy aan as drie voet van die middellyn - die wit lyn - maar die hele Anglia was oor die wit lyn. Die voorkant van die Anglia is getref, die voorste deur, ŉ bietjie vorentoe op die wiel; die lig was ook stukkend. Toe aan haar gevra is: as die Anglia heeltemal oor die wit lyn was toe die botsing drie voet van die middellyn plaasgevind het waar was die Anglia op die pad toe sy dit

die eerste keer gesien het as gevolg van die remgeluid, antwoord sy: "Ek het nie so opgelet nie want die ligte het geskyn." Dit was die Anglia se ligte wat sy na verwys; sy kan ook nie sê of die ligte al gedraai het nie. Of dit nou was as gevolg van 'n lang kruisondervraging is nie duidelik nie, maar die laaste vraag aan haar en die antwoord is: "Niks gesien wat die Anglia gedoen het voor die botsing nie, nê? - Nee."

Van Wyk se broer, wat 'n insittende in die Cortina was, sê die aankomende motorkar van eiseres het reg voor hul ingeswaai. Van Wyk het links geswaai en remme getrap, maar hy kon nie sy motor betyds tot stilstand bring nie. Hy sê toe hy die Anglia vir die eerste keer sien was hy gedeeltelik oor die middellyn. Voor die botsing het die Anglia nog nie sy draai voltooi nie; toe die botsing plaasgevind het, was hy nog steeds skuins, en naby aan die sypaadjie. Die botsing het na aan die sypaadjie plaasgevind. Die getuie ontken die getuienis van Venter en sy vrou oor Van Wyk se manier van besturing by die verkeerslig

en dat Venter hom voor stok gekry het oor sy onmanierlikheid. In kruisondervraging sê hy egter dat hy nie met die Venters kon stry as hul sê Van Wyk het by die robot agter hul stilgehou nie. Hy kan hul ook nie teëspreek nie as hul sê dat Van Wyk vlak langs die middellyn al die pad afgery het tot waar die botsing plaasgevind het.

Die polisiebeampte getuig van 19 tree remmerke wat hy gesien het, maar hy maak geen aantekening daarvan in sy sakboekie nie en toon dit ook nie aan nie op die plan wat hy aangebring het op die padongelukvorm S.A.P. 352. Van afleidings wat hy self gemaak het van die remmerke en glasstukke wat daar gelê het, stel hy 'n punt van botsing vas, maar hy dui nie aan waar die remmerke was nie. Behalwe dat hy getuig van remmerke wat daar was, is sy getuienis nie van hulp nie. Dit blyk dat toe hy op die toneel van die botsing gekom het, was daar niemand wat hom behulpsaam kon wees met informasie aangaande die gebeure nie. Beide eiseres en Van Wyk moes hospitaalbehandeling kry, en kon nie beskikbaar wees nie. Van die hospitaal of hospitale het hy egter vasgestel wie die bestuurders van die voertuie

was.

Omdat die getuienis opnuut waardeer moet word is daar meer breedvoerig na verwys as wat normaalweg nodig sou wees. Die geheelindruk daarvan is dat Van Wyk, soos Venter en sy vrou getuig, die geel lig vir die dwarsverkeer as 'n wegspringteken benut het en dat hy (Venter) hom agterna gesit het teen 40 - 45 m.p.u. Sy bewering dat hy 35 myl per uur gery het, is strydig met wat hy vier dae na die botsing in sy eisvorm aan sy eie versekeraar gesê het; daar het hy sy snelheid onmiddellik voor die botsing as 40 na 45 myl per uur aangegee. Venter sê met sy vinnige Studebaker Lark moes hy 40 na 50 myl per uur ry om Van Wyk in te haal, maar nogtans was hy aan die end van die bykans half myl, wat afdraand is, nog sowat 100 tree agter. Daar is nie direkte getuienis op die punt nie, maar die waarskynlikheid is dat, Van Wyk as gevolg van sy gedrag by die verkeerslig haastig sou wou wegkom van Venter, en die waarskynlikheid is ook daar dat hy sou wou seker maak, en op hoogte sou wou wees, oor hoever Venter agter hom is. Venter het met 'n doel agter

Van Wyk gery en hom dopgehou. Daar bestaan goeie rede waarom hy in staat was, en dit geld ook sy vrou, om ŉ betroubaarder relaas van die botsing te gee as wat Van Wyk kon gee.

Wat die waarskynlikheid versterk dat Van Wyk teen ŉ veel hoër spoed gery het as waarvan hy getuig, dat hy nie sy onverdeelde aandag bestee het aan wat voor hom in die pad aangaan nie, en dat hy wel vir die botsing te blameer is, is dat die vraag in die gemelde eisvorm: "Who, in your opinion, was to blame?" deur hom onbeantwoord gelaat is. Teenoor die vraag is slegs ŉ strepie getrek en niks ingevul nie. Dit blyk uit die vraag wat eiseres se advokaat aan hom gestel het. In dieselfde eisvorm onder die hoof "State fully what occurred" het hy die volgende oor die gebeure te sê gehad: "I was driving down Port Avenue, a woman in an Anglia wanted to turn in Grange Street, and tried to turn in front of me without stopping." Wat hy in die eisvorm gesê het en onbeantwoord gelaat het, loënstraf sy eie getuienis. Toe hy in kruisondervraging gekonfronteer is met die versuim om die vraag "who is to blame?" te beantwoord, was sy

verduideliking dat hy nie Engels verstaan nie. Dit het hy erken is onwaar.

Dit is ondenkbaar dat Venter en sy vrou se getuienis beskou kan word as ŉ storie wat hul uit die duim gesuig het. Trouens hul verhaal klink beslis die waarheid te wees. En daarvolgens moet bevind word dat eiseres se motor nie voor Van Wyk in beweeg het nie, maar dat, soos Venter verklaar, Van Wyk langs die middellyn af reguit op die eiseres af gestuur het.

Die twee dames Gould en Van Rensburg, alhoewel hul onafhanklike getuies is en hul geloofwaardigheid onbesproke is, voer die verweerder se saak niks verder nie. Hul het die remme gehoor en meteens die botsing gesien. Daar kan nie veel waarde geheg word aan waarnemings in ŉ oogwenk nie.

Van Wyk se broer is so ontwykend in sy getuienis, dat dit gevaarlik sou wees om enige waarde daaraan te heg.

Wat die kwessie van medenalatigheid betref,